Pro-Ed Akademie

'n Toonaangewende, Christen Afrikaanse Privaatskool in SWAKOPMUND

beskik oor die volgende vakature by Toktokkie Pre-Primêr. Professionele persone wat voldoen aan die vereistes, word genooi om aansoek te doen:

O N D E R W Y S P O S

PRE-PRIMêRE ONDERWYS : GRAAD RRR - R

Minimum vereistes en vaardighede:

- Toepaslike akademiese- en professionele onderwys kwalifikasie van ge-akkrediteerde tersiêre instelling
- Onderrigmedium in Afrikaans (Huistaal) en Engels, kandidaat moet ten volle tweetalig wees
- Vorige pre-primêre onderwys ondervinding sal tot voordeel strek
- Passie vir kleuter onderrig met 'n groot verbeelding, hope entoesiasme en goeie humorsin
- Spanspeler wat verhoudings met belanghebbendes kan skep en behou
- Vermoë om tred te hou met veranderinge in onderwys
- Persoonlike verbintenis tot Christen onderwys en bydrae tot die karakter en waardes van die skool, asook professionele ontwikkeling
- Namibiese burgerskap / permanente verblyf

Pligstaat behels die volgende, maar nie beperk tot:

- Vestig omgewing waarin kleuters kan speel, leer, ontwikkel, groei en sosiale vaardighede kweek
- Verantwoordelik vir opvoedkundige program en toesig oor veiligheid van kleuters
- Bestuur, beplanning, bystand en bevordering van onderrig, leer en ontwikkeling in die graad/fase
- Beplanning, kontrole, beheer, rekordhouding en terugvoer insake evaluerings
- Bywoning van vergaderings en werkswinkels insake betrokke vak/grade/fases
- Samewerking met onderwysers in alle grade/fases ter bevordering van effektiewe onderwys
- Verantwoordelik vir skool voorraad en toerusting onder beheer van onderwyser en/of afdeling
- Betrokkenheid, bystand en bevordering van buite-kurrikulêre aktiwiteite (sport & kultuur)
- Spesifieke pligte en verantwoordelikhede sal in samewerking met die fase- en departementshoof bepaal word. Kandidaat sal aan departementshoof rapporteer in terme van alle opdragte en verantwoordelikhede.

Aansoeke en/of navrae kan gerig word aan:

Die Skoolhoof, Posbus 2085, Swakopmund of per e-pos na proedvacancy@gmail.com

Meld asseblief duidelik vir watter pos u aansoek doen. Aansoek moet vergesel wees van 'n volledige Curriculum Vitae met kwalifikasies, minimum 2 verwysings, identiteitsdokument/paspoort en bewys van Namibiese burgerskap.

Sluitingsdatum vir aansoeke : 5 September 2022 **Diensaanvaarding : 1 Januarie 2023**

Slegs kandidate op die kortlys sal gekontak word. Pro-Ed Akademie behou die reg voor om nie 'n afspraak en/of aanstelling te maak nie. Indien u geen uitnodiging vir 'n afspraak van Pro-Ed Akademie ontvang het binne 2 weke na sluitingsdatum, beskou asseblief u aansoek as onsuksesvol.